

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

ds. PJ Kriel

Preekreeks oor bedoelings en deugdes 05

15.04.2018

Inhoud Hierdie preek wys dat Christus die verbondsbeloftes van God vir ons waarmaak sodat God God met ons en ons sy kinders met Hom kan wees. (Esegiël 36: 24 – 30) Christus laat ons met God saamleef as ons liefdevolle, goeie, barmhartige, genade en lankmoedige Vader. Daarom gee Christus nie vir ons geestelike goed nie. Hy laat ons met God saamleef in sy liefde. Hierdie saamleef met God in sy liefde, noem Paulus “wandel deur die Gees.” Deur met ons te wandel en ons met Hom te laat wandel, breek God in ons, ons verdraaide deugdes en skep Hy in ons die vrug van sy Gees. So vervul God in Christus vir ons die verbondsonderneming dat Hy ons kliphart uit ons sal uithaal en in ons ’n nuwe hart sal gee. God rus ons nie toe vir ons eie geestelike staptogte met geestelike goed nie. Hy wandel met ons en laat ons met Hom wandel in sy liefde.

Liturgie 1. Lied 462 Evangelielesing Gal. 2: 15 – 21 2. Lied 292 Wetslesing Rom. 12: 1 en 2; 3. Lied 434 4. Lied 273

Skriflesing Jesaja 44: 20 – 23; Esegiël 36: 24 – 30; Galasiërs 5: 16 – 26.

Teks Gal 5: 25 Ons lewe deur die Gees;

Tema God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

1. Die Griekse uitdrukking wat in ons Bybel vertaal is as “laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal” 1983 AV of “ons moet deur die Gees optree”, NDV is “wandel deur die Gees.” Daarom begin vers 16 in die Grieks met die oproep: “wandel deur die Gees” en sluit die gelese gedeelte in vers 25 weer af met die oproep: “laat ons ook deur die Gees wandel”. Daarom is die tema vir hierdie Skrifgedeelte dat God in ons die vrug van die Gees skep deur met ons te wandel.

Die Woord van God maak ’n baie duidelike onderskeid tussen die praktyke van die sondige natuur van die mens en die vrug van die Heilige Gees in gelowiges. Dit is die werk van die Gees dat ons as gelowiges innerlik kan onderskei tussen die praktyke van die sondige natuur en die vrug van die Gees.

Paulus stel hierdie verskil in Galasiërs 5 helder en duidelik:

- Die praktyke van die sondige natuur is: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, nabyheid, woede, rusies, verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.
- Die vrug van die Heilige Gees in gelowiges is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

Hierdie helder en duidelik onderskeid tussen deugdes en ondeugdes bestaan egter nie in die gewone alledaagse lewe in die godlose wêreld waarin ons as gelowiges elke dag lewe nie. Ons het die afgelope vier preke gesien ons lewe in 'n sondige wêreldse gemeenskap wie God se bedoeling met mense verdraai en daarom met verdraaide opvattinge leef.

In die plek van die onderskeid tussen deugdes en ondeugdes skep ongelowiges iets anders: verdraaide opvattinge. Die verdraaide opvattinge van Jesaja 44 vers 20 en Romeine 1 vers 28 is: verdraaide deugdes.

2. Hoe lyk hierdie verdraaide deugdes van mense?

Verdraaide deugdes is ondeugdes wat deugdes gemaak word. Die wyse waarop mense hulle ondeugdes deugdes maak is deur die onderskeid tussen deugdes en ondeugdes weg te vat en ondeugdes en deugdes een en dieselfde saak te maak. Hulle maak deugdes en ondeugdes een en dieselfde gesindheid en houding!

Dan klink hulle nuwe verdraaide deugdes só:

- liefdevolle losbandigheid en onreinheid;
- vreugdevolle vyandskap;
- vredevolle haat;
- vriendelike woede;
- goeheartige verdeeldheid en skeuring;
- nederige hoogmoed, hooghartigheid en verwaandheid;
- selfbeheersde dronkenskap;
- getroue afgodsdienste;
- geduldige hardvogtigheid.

Die kinders julle ken mos hierdie saak wat die Bybel verdraaide opvattinge noem: vriendelik kwaad wees, oulik ongehoorsaam wees en spelerig baklei! Vriendelik kwaad wees, is wanneer jou pa voor jou staan en hy so groot is dat jy na hom moet opkyk en dan wys jy vir hom jou vriendelike gesiggie. Om dat jy vir hom bang is, is jy vriendelik kwaad.

Dit is ook soos wanneer daardie tannie by julle kom kuier en altyd wys sy geniet dit as jy ongehoorsaam is. Dan kan jy jou oulike gesiggie wys terwyl jy ongehoorsaam aan jou ouers is.

Dit is ook soos om spelerig te baklei. Jy en jou maatjie begin aan mekaar stamp, net soos die ooms in die kroeg en maak asof julle speel terwyl julle eintlik mekaar wil seermaak. Na so rukkie dan slaan julle regtig om mekaar seer te maak.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

Hierdie verdraaide deugdes is die ongelowiges in hierdie wêreld se trots. Hulle skande is hulle trots! Hulle eer is hulle skande! So beskryf Paulus die geesteshouding waarmee mense met hierdie verdraaide deugdes leef in Filippense 3: 19. Hulle is trots losbandig want hulle glo hulle losbandigheid is hulle liefde.

3. Daarom met ons net weer kyk na die beskrywing: “werke” of “praktyke” van die sondige natuur. Hierdie werke of praktyke is iets anders as om sommer net openlik sondig en sleg te wees.

Die sondige aard van die mens bedryf ondeugdes as deugdes.

Dit beteken dat hulle hul losbandigheid en onreinheid uitleef as hul liefdevolheid, dat hulle hul vyandskap bedryf as vreugdevolle saamwees en saamleef, dat hulle hul haat vir mekaar as vrede met mekaar verklaar, dat hulle hul woede bedryf met vriendelikheid, dat hulle hul hoogmoed bedryf as nederigheid en hulle verdeeldheid en skeuring bedryf as goeiehartigheid.

Dit is die werklike mag van sonde – dit is die mag om ondeugdes as deugdes te glo en uit te leef. Daarom moet ons weer hoor hoe Jesaja die mag van hierdie verdraaide deugdes openbaar: “Iemand wat hom met as besig hou, laat hom mislei deur sy eie verdraaide opvattinge. Hy kan homself nie red nie, hy vra homself nie af: “is dit nie ’n leuen waarmee ek besig is nie.” Jes. 40: 20

In hierdie verdraaide deugdes kan mense nie meer die verskil tussen deugdes en ondeugdes sien nie. Wie se liefde, liefdevolle losbandigheid en onreinheid is, kan nie meer die leuen raaksien dat sy liefde losbandigheid en onreinheid is nie. Dit is werklike die blindheid waarin geliefdes hulle self van mekaar as persone kan losmaak, ontrou is en nog steeds glo dat hulle mekaar liefhet.

Wie se vyandskap met mense vrolike saamkuier is, kan nie meer die leuen raaksien dat sy vrolikheid sy vyandskap is nie, en verstaan nie hoekom hy sy vriende met wie hy so lekker saam kuier mee baklei het en mekaar aangerand het nie, of hoekom elke familiegeleentheid in ’n bakleiery ontaard nie.

Wie leef in selfbeheersde dronkenskap, kan nie die leuen meer raaksien dat sy selfbeheersdheid niks anders as goedbestuurde verslawing is nie.

Hulle laat hulle mislei deur hulle eie verdraaide opvattinge!

4. Ons mag nooit die fout maak dat die vrug van die Heilige Gees en die praktyke van die sondige natuur gaan oor twee lewenswyses waartussen ons moet kies nie.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

Dit is die absurdheid waarna ons gereeld in geestelike toesprake moet luister. Jy moet kies tussen 'n lewe van onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, e.a. en 'n lewe van liefde, vreugde, geduld, vriendelikheid e.a.

Die mag waarin mense hulle self mee verstrik in hulle eie verdraaide deugdes is nie 'n mag waaruit jy kan kom, deur sommer net weer 'n nuwe keuse tussen God en die wêreld, goed en sleg te maak nie. Daarom stel Jesaja die mag van sonde in hierdie verdraaide deugdes juis so dat "Hy kan homself nie red nie" Jes. 44: 20

Die vrug van die Gees is nie 'n lewe van mooi gesindhede waarvoor ons kies en waarin ons ons oefen nie. Die vrug van die Gees is die vrug van 'n lewe waarin ons wandel deur die Gees.

5. Daarom is die belangrike ontdekking wat ons moet maak in hierdie Skrifgedeelte – watter Gees is hierdie Gees met wie ons wandel en wat hierdie lewensverbintenisse en lewenshoudings binne in ons skep.

Watter Gees is die Gees van die vrug van die Gees?

Die antwoord is dat hierdie Gees die Gees van die verbondsonderneming van God in Esegïel 36 verse 24 – 30 is.

In hierdie belofte onderneem God om:

- Om ons as gelowiges uit alle volke bymekaar te maak en deel van sy kerk te maak
- Om ons van al ons onreinheid en afgodery te bevry
- om ons kliphart te verwyder
- om ons 'n nuwe hart te gee
- om sy Gees in ons te gee wat sal maak dat ons sy gebooie gehoorsaam.
- dat Hy God met ons sal wees en ons sy kinders met Hom sal wees.

Die Gees met wie ons wandel en die Gees wat ons vrug laat dra, is die Gees wat God ons gee om deel te wees van al hierdie ondernemings wat God vir en in ons waarmaak.

6. In hierdie onderneming sê die Here Hy sal ons kliphart uithaal en Hy sal ons 'n nuwe hart gee, 'n hart waarin sy Gees sal wees om ons sy gebooie te laat gehoorsaam. Daarom moet ons hierdie verband en eenheid tussen Esegïel 36 en Galasiërs 5 ontdek!

- Die kliphart wat die Here sal uithaal is: onsedelikheid, onreinheid, losbandigheid, afgodsdienste, towery, vyandskap, haat, naywer, woede, rusies,

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

verdeeldheid, skeuring, afguns, dronkenskap, uitspattigheid en al dergelike dinge.

- Die nuwe hart wat die Here ons gee 'n hart met liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

Dit is hoe die Here ons reinig van ons onreinheid en ons afgodery. Ons onreinheid is ons verdraaide opvatting: ons manier om ons ondeugdes ons deugdes te maak. Onreinheid is om te leef in liefdevolle losbandigheid en onreinheid; vreugdevolle vyandskap; vredevolle haat; vriendelike woede; goedhartige verdeeldheid en skeuring; nederige hoogmoed, hooghartigheid en verwaandheid; selfbeheersde dronkenskap; getroue afgodsdienste; geduldige hardvogtigheid.

Afgodery is wanneer ons God die God van ons verdraaide opvattinge maak!

God se verbondsonderneming om ons kliphart uit te haal en ons 'n nuwe hart te gee is hoe God ons verlos van die afgodery van ons verdraaide opvattinge, ons verdraaide deugdes.

7. Daarom kondig Paulus die verlossing wat die Here Jesus vir ons bewerk het om binne hierdie verbondsonderneming van God te leef só aan:

“Ons lewe deur die Gees, laat ons ook deur die Gees wandel.”

Dit is Paulus se antwoord op die geestelike mistasting wat die gelowiges mee geleef het in die eerste sendinggemeentes in Turkye. Hulle het 'n skeiding gemaak tussen die lewe wat God gee en die lewe saam met God. Paulus spreek hierdie dwaling al in Gal. 3: 5 aan met hierdie sin: “Hy wat julle met die Heilige Gees toerus en kragtig onder julle werk, doen Hy dit omdat julle die wet onderhou of omdat julle die evangelie glo?”

Hierdie kragtige toerusting en werking van die Heilige Gees moet u weer hoor as die toerusting en kragtige werking in ons wat ons deel maak van die verbondsonderneming van God in Esegël 36. Die toerusting en kragtige werk van die Gees is:

- Om ons as gelowiges uit alle volke bymekaar te maak en deel van sy kerk te maak
- Om ons van al ons onreinheid en afgodery te bevry
- om ons kliphart te verwyder
- om ons 'n nuwe hart te gee
- om sy Gees in ons te gee wat sal maak dat ons sy gebooie gehoorsaam.
- dat Hy God met ons sal wees en ons sy kinders met Hom sal wees.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

8. Wat is die geestelike dwaling in die gemeentes in Galasië?

Hulle het Christus gesien en geglo as die Here wat vir hulle 'n nuwe lewe gee waarin hulle vergewe is en nie gestraf word nie. Op so manier word die Christelike lewe net weer 'n lewe waarin jy goed kry wat God vir jou gee waarmee jy jou eie lewe gaan leef.

Daarom stel Paulus dat die lewe wat God gee, is nie 'n lewe waarin jy goed van God kry nie, dit is 'n lewe saam met God, saam met God in sy liefde. Daarom is die oproep: ons lewe deur die Gees, laat ons deur die Gees wandel, die oproep om in die geloof in Christus te leef. Nie om in die geloof goed van Christus te kry nie.

Daarom beskryf Paulus hierdie lewe in die geloof met Christus in Gal. 2 vers 20 so: "en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê."

Dit is wie Christus is en wat hy doen: Hy bewys sy liefde vir ons! Liefde wat bewys word, is nie goed wat gegee word nie. Liefde wat bewys word, is 'n liefde waarin ons lewe met Hom.

9. Daarom beteken die oproep ons leef deur die Gees, laat ons deur die Gees wandel, God het ons in sy liefde ingesluit, laat ons met God in hierdie liefde wat Hy vir ons het, saam wandel.

Die lewe is 'n lewe waarin ons met God leef binne sy liefde! Dit kan nooit 'n lewe wees waarin Hy vir goed gee waarmee ons ons eie lewe kan gaan lewe nie. Daarom is die woord "wandel" die belangrike woord: ons lewe met God is nie ons staptog nie, dis God se wandel met ons!

Kom ons kyk weer na die verskil tussen 'n staptog en 'n wandeling. 'n Staptog is 'n kraglopie! Dit is 'n uitdaging waarin ek my fiksheid en uithouvermoë bewys. Daarom is die toerusting vir 'n staptog goed wat ek nodig het om vir my krag te gee en wat ek met my moet saamdra en moet gebruik. Ek weet waarheen ek stap, ek het die kaart vir my doelwitte en ek loop met die motivering om my doelwit te bereik. Dit is hoe 'n kraglopie werk!

En wandel?

Wandel is nie 'n kraglopie nie. Dit is om saam met 'n geliefde te loop net om saam te wees en saam te loop. Een van die katkisanse het dit op 'n besondere wyse verwoord en gesê: "Met wandel weet jy nie waarheen jy gaan en waar jy gaan uitkom nie." Want dit is nie waarom dit gaan nie. Dit gaan oor saamloop om saam te wees.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

Die lewe wat die Here vir ons skep, is 'n wandeling in sy liefde, nie krag vir ons geestelike staptogte nie!

10. Daarom beteken “wandel deur die Gees” niks anders as wat Paulus stel dat “Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” Gal. 2: 20

Ons geloof in Christus is die vertrouwe waarin ons in God se liefde met God saamleef! Dit is nie 'n geloof waarmee ons goed van God kry vir ons staptogte nie. Dit is nie 'n lewe waar God geestelike goed vir my gee dat ek met my eie geestelike lewe kan aangaan nie.

Die wandel met God ontsluit die hele lewe saam met God!

- Deur Christus is God ons barmhartig sodat ons saam met God in sy barmhartigheid wandel, saam met Hom as ons barmhartige Vader leef!
- Deur Christus is God ons genadig sodat ons saam met God in sy genade wandel, saam met Hom as ons genadige Vader leef!
- Deur Christus is God vir ons goed sodat ons saam met God in sy goedheid wandel, saam met Hom as ons goeie Vader leef!
- Deur Christus is God met ons lankmoedig sodat ons met God in sy lankmoedigheid wandel, saam met Hom as ons lankmoedige Vader leef!
- Deur Christus het God ons lief, sodat ons met God in sy liefde wandel, saam met Hom as ons liefdevolle Vader leef.

Wie só in die geloof met God wandel, in hulle skep God die vrug van die Gees!

Want 'n lewe in God se liefde, skep in ons liefde! 'n Lewe in God se barmhartigheid skep in ons nederigheid en vriendelikheid; 'n Lewe in God se genade skep in ons vrede en vreugde; 'n Lewe in God se goedheid skep in ons goedhartigheid en getrouheid en 'n lewe met God in sy lankmoedigheid skep in ons geduld en selfbeheersing.

Dit is hoe God ons kliphart verwyder en ons 'n nuwe hart gee, deur sy Gees te gee waarin ons in sy liefde as God met ons kan leef.

11. Hoekom wil ons, nes die eerste Christene in die eerste sendinggemeentes in Turkye só leef? Christus het vir ons gesterf sodat God vir ons geestelike goed vir ons geestelike lewe kan gee. Dit is hoe die Galasiërs die geloofslawe met God verdraai het. God moet vir my die goed soos vergifnis en goddelike krag gee vir my geestelike staptog waarmee ek my geestelike fiksheid, my geestelike krag, my geestelike uithou vermoë gaan oefen om my geestelike doelwitte te bereik!

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

Hoekom wil ons nie só leef nie: ons leef met God saam in sy liefde, barmhartigheid goedheid, genade en lankmoedigheid! Ons wandel met god wat met ons deur sy Gees wandel?

Dit is eintlik verskriklik eenvoudig. Het u al gesien wat doen kleintjies as hulle voor jou iets begeer en volgens hulle begeerte wil optree, voor jou? Dit is regtig iets wat hulle binne in hulle self doen! Hulle maak jou in hulle gewete, bewussyn en gevoel afwesig. Jy is nie meer daar nie al is jy nog daar!

En dan stap hy voor jou en vat die koekie voor jou wat hy begeer en jy gesê het hy nie mag vat nie!

Hy kan nie in jou teenwoordige liefde doen wat hy begeer nie, daarom maak hy jou in homself afwesig.

12. Ons kan nie met God in en met ons verdraaide deugdes saamleef nie

- Ons kan nie binne God se liefde as Vader leef, met Hom wandel in liefdevolle losbandigheid en onreinheid nie. Sy liefde waarin Hy met ons leef en ons met Hom laat leef, breek hierdie verdraaide opvatting binne in ons, nes God belooft het: Hy sal ons kliphart wegvat. Sy teenwoordige liefde skep in ons 'n liefde wat net liefde is, nie liefdevolle losbandigheid nie, net soos Hy onderneem het om vir ons 'n nuwe hart te gee.
- Ons kan nie binne God se genade as Vader leef en wandel in vreugdevolle vyandskap en vredevolle haat nie. Die genadevolheid waarin Hy met ons as ons genadig Vader mee saamleef en ons met Hom in laat wandel, breek hierdie verdraaide opvatting in ons en skep in ons vreugde en vrede wat nie verdraaid en verwring is nie.
- Ons kan nie in die sekuriteit en verkwikking van God se goedheid met Hom saamleef en wandel en met 'n lewensingesteldheid en verbintenis tot die lewe leef van goeiehartige skeuring en verdeelheid nie. Dit is die waan waarin mense glo hulle kan skei en hulle eie kerk kan stig: goeiehartige verdeeldheid! God se goedheid breek in ons hierdie verdraaide opvatting en skep in ons 'n goeiehartigheid wat nie vals is nie.
- Ons kan nie in die geborgenheid van God se lankmoedigheid met ons leef in selfbeheersde dronkenskap of geduldige hardnekkigheid nie. Deur met ons in sy lankmoedigheid saam te leef, en ons met hom te laat wandel, breek Hy hierdie ondeug in ons en skep in ons geduldigheid en selfbeheersing.

God skep in ons die vrug van die Gees deur met ons as God te wandel in sy liefde

- Ons kan nie met God as ons barmhartige Vader wandel in nederige hoogmoedigheid nie. Sy teenwoordige en deurleefde barmhartigheid breek ons hoogmoed en skep in ons nederigheid.

Die Here se liefde breek ons verdraaide opvattinge sodat ons nie van ons ondeugde ons deugdevolle praktyke kan maak nie. Hy verwyder deur met ons te wandel ons kliphart en Hy skep in ons 'n nuwe hart deur met ons te wandel, die vrug van sy Gees: liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing.

13. Daarom mag ons nie die tipe Christelikheid vir ons self maak of glo wat die eerste Christene vir hulle self probeer maak en glo het nie. Ons kan God nie afwesig maak in Christus so asof Hy deur Christus net vir ons goeie geestelike goed kom gee het nie.

God het nie deur Christus vir ons goeie geestelike goed vir ons eie geestelike lewe kom gee soos vergifnis en goddelike krag nie. Hy het Homself weer God met ons en ons sy kinders met Hom gemaak, volgens die verbondsbelofte “Ek sal julle God wees en julle sal my volk wees”, sodat ons met God in sy liefde kan wandel.

Kom ons stop ons geestelike staptogte! Kom ons wandel met God en laat Hy in ons die vrug van sy Gees skep.